# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

India's National Spiritual Newspaper

AFRIKAANS ₹ 10/-

ESTD: 1969

Maandeliks uitgegee in ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GOEDJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ - In 16 Tale *Mederedakteur:* Sr. Marietjie Nelson

**Vol. XII** **Die Jaar van ons Here Jesus Christus, NOVEMBER 2018** **No. 8**


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**PSALM 16:1-8**

1. Neem my in beskerming, o God; ek soek skuiling by U.
2. Ek het vir die Here gesê: "Ek behoort aan U, daar is vir my niks goeds nie behalwe by U.
3. Die afgode in die land, so aantreklik vir baie – met hulle wil ek niks te doen hê nie.
4. Mag elkeen wat 'n ander god vereer, baie smart beleef. Vir afgode sal ek nie bloedoffers uitgiet nie, hulle name sal ek nie op my lippe neem nie.
5. Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af.
6. 'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi.
7. Ek sal die Here loof wat my tot die regte insig gebring het; selfs in die nag bly ek bewus van wat Hy my leer.
8. Ek het die Here altyd by my: omdat Hy by my is, sal ek nie struikel nie.

# MENSE ONDER WANINDRUKKE!

**En nou, broers, wat betref die wederkoms van ons Here Jesus Christus en ons hereniging met Hom, het ek 'n ernstige versoek aan julle: Moenie so gou verward raak of van stryk gebring word as iemand vir julle sou sê die dag van die Here is al hier nie – of dit nou vir julle gesê word in 'n profetiese uitspraak of in 'n preek of in 'n brief wat sogenaamd van ons afkomstig sou wees.**

**Laat niemand julle op watter manier ook al mislei nie. Die dag van die Here sal nie aanbreek voordat die laaste afvalligheid gekom het en die wettelose mens wat vir die verderf bestem is, sy verskyning gemaak het nie** (2 Tessalonisense 2:1-3)**.**

Sommige teoloë glo die "dag van die Here" waarna Paulus hier verwys, is die laaste oordeel. Ek glo egter soos die meeste geleerdes dat Paulus praat van Christus se wederkoms. En Paulus sê Jesus se terugkeer sal nie plaasvind voordat twee ander dinge gebeur het nie:

1. Daar sal 'n groot afval kom. Baie mense wat God eenmaal geken het, sal afvallig word van die waarheid van die evangelie wat hulle geken het.

2. Die Antichris, of die wettelose mens, sal "sy verskyning maak".

Dit behoort vir elkeen wat Jesus liefhet, duidelik te wees dat die "afvalligheid" alreeds besig is om plaas te vind. Baie gelowiges, sowel as Christene deur die afgelope paar dekades, het vandag koud geword in hulle liefde vir God. Met dit in gedagte wil ek fokus op Paulus se tweede punt -- dat die dag van die Here nie sal kom totdat die "**wettelose mens sy verskyning gemaak het**" nie.

Wat bedoel Paulus presies met hierdie frase? Sê hy die Here Jesus sal nie terugkom voordat die Antichris op die troon is as wêreldheerser, en ons almal sy identiteit ken nie? Ek dink nie so nie. Paulus het geweet dat Christus enige oomblik kan terugkom. Die Here Jesus het self gesê hy sal kom wanneer

*... verv. op bls. 3*

**Lewens aangeraak deur onderrig...sedert 1969**

# ECHO OF HIS CALL - 2019 - GOLDEN JUBILEE YEAR

**(ENGELS, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, MARATHI, KANNADA, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMEES, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINGALEES & AFRIKAANS MAANDBLAD)**

**"Die dag is naby, die dag van die Here is naby! Dié dag is donker, die tyd is daar vir die nasies"** (Esegiël 30:3).




Geliefdes in Christus,

Ons liefdegroete aan julle in die onvergelyklike naam van die Verlosser van die wêreld, Jesus Christus.

Ons weet baie van julle wag gretig op hierdie maand se tydskrif. Ons weet ook dat julle almal die geestelike manna vir die hele maand deur hierdie tydskrif kry. Aangesien ons foonoproepe, SMS'e en e-posbriewe ontvang van mense wat baie verskillende tale praat, Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Assamees, Bengali, Urdu, Gujarati, Nepali, Odia, Punjabi, Singalees en Afrikaans wat sê dat hulle geestelik geseën word, begryp ons dat ons tydskrif baie nuttig is vir al hierdie mense. Ons word dus nie ontmoedig nie, al werk ons dag en nag baie hard, en stry geestelike gevegte in ons finansies, siekte, gebrek aan werkers en ongunstige sosiale en politieke situasies.

Ons voel treurig as ons besef dat baie kinders van God geen belangstelling toon en nie betrokke raak in die Here se dienswerk nie omdat hulle betrokke is en werk vir wêreldse bevordering, wêreldse geluk en genieting en familievierings. Maar ons kan die vrugte sien op ons harde werk van die laaste 50 jaar sonder om rus te neem. Ons was nooit onverantwoordelik nie en het nooit die Here se stem of sy wil verontagsaam nie. Hoewel die reëls en regulasies in onlangse tye ons hinder om die waarheid aan mense te openbaar, gaan ons steeds voorwaarts!

Baie nasies van die wêreld het sekere leefstyle goedgekeur en begin beoefen wat nie deur die Bybel aanvaar word nie. Terwyl die Bybel homoseksualiteit 'n gruwel voor God noem, is sulke praktyke wat nie openlik bespreek kan word nie, deur baie nasies aanvaar, insluitende ons land, Indië. God se mense in Indië voel baie treurig oor die onlangse uitspraak dat seks buite die huwelik nie 'n misdaad is nie.

**Dit is goed dat deesdae se pastore en kerke hulle nie begewe in bespreking van hierdie kwessies nie,** maar dit ignoreer en geen belangrikheid heg aan hierdie uitsprake nie. Ons behoort nie sulke sake te adverteer deur dit onder God se mense te bespreek nie. Dit is die plig van God se mense in die situasies van vandag. God sal hierdie omstandighede verander. Daar is 'n spreekwoord in Tamil: 'Leer en vergeet van rowery'. Maar ons lees in 1 Korintiërs 2:2, "Ek het my voorgeneem **om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde".** In 1 Korintiërs 10:1-12 lees ons, "Broers, ek wil julle daaraan herinner dat ons voorvaders almal onder die beskerming van die wolk was en almal veilig deur die see gegaan het. Omdat hulle almal vir Moses gevolg het, is hulle almal in die wolk en in die see gedoop. Almal het dieselfde geestelike voedsel geëet,en almal het dieselfde geestelike drank gedrink: hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat met hulle

**CHIEF EDITORS**
Pastor S. Sam Selva Raj
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

**MANAGING EDITOR**
Pastor Alex Samson Sam, B.Th.,M.Div.

**ADMINISTRATION**
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

**EDITORIAL BOARD**
Sis. Jesy Veena Sam
Bro. M. Paulraj, M.A., B.Ed.
Sis. Serena Bevin, M.A., M. Phil., B.Ed.
Bro. J. R. Jayabalan

**ADVISORY BOARD**
Bro. N. Balaji, B.Com., B.L.
Dr. S. Rabinder Boaz, M.S.
Er. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM)
Dr. D. Dhaya Devadas
Bro. Jose Abraham
Bro. K. Puratchivendan, M.Com., B.L.
Bro. Thomas T. Jacob, B.Com., B.L.

**PUBLISHER & PRINTER**
Pastor S. SAM SELVA RAJ
**Echo of His Call Printers**
10, Mohammed Abdullah 2nd Street
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
**Phone :** (+91-44) 2852 8282
2852 9293, 2854 7766
**Cell :** (+91) 98410 71852, 90924 62566
**E-mail :** sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
**Websites :**
www.echoofhiscall.org
www.echoofhiscall.com

saamgegaan het. Die rots was Christus. Tog was God met die meeste van hulle nie tevrede nie, want hulle het in die woestyn omgekom. Hierdie dinge het gebeur as voorbeelde vir ons dat ons ons nie soos hulle deur sondige begeertes moet laat dryf nie. Julle moenie afgodsdienaars word nie, soos sommige van hulle oor wie daar geskrywe staan: "Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan en hulle aan uitspattighede oorgegee." Laat ons ook nie onsedelikheid pleeg nie, soos sommige van hulle onsedelikheid gepleeg het, en op een dag het daar drie-en-twintigduisend omgekom. Hierdie dinge het oor hulle gekom as 'n voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing vir ons wat die einde van die tye al beleef. Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie".

Ons lees ook in Efesiërs 5:3-8, "Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle **selfs geen sprake** wees nie. Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan God pas by julle. Dít moet julle goed besef: iemand wat ontug pleeg, onsedelik lewe of 'n gierigaard is – want gierigheid is afgodery – het nie deel aan die koninkryk van Christus en van God nie. Moenie dat iemand julle met allerlei onwaarhede mislei nie, want daardeur kom die straf van God oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is. Met sulke mense moet julle niks te doen hê nie. Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig."

Soos die Bybel sê, die hele wêreld word oorheers deur die vlees en die Duiwel. Selfs die wyses en geleerdes gaan na die poel van vuur, soos kinders wat nie weet watter is hulle regter- en linkerhand nie.

## Heelhartige toewyding deur God se mense is die enigste weg

In plaas daarvan dat hulle die hele wêreld red van hierdie groot gevaar, fokus vandag se kerke op die bou van hulle eie koninkryke. Vandag se kerke beoog om hoë torings te bou, om soveel geld as moontlik te versamel, en doen moeite om gelowiges uit ander kerke in hulle kerke in te trek. Is dit nie pynlik om sulke dinge in kerke te merk wat nie alleen groot belang aan hierdie dinge heg nie, maar ook opleiding gee en planne beraam om gelowiges van een kerk na hulle kerke te lok en aan sulke wêreldse sake? Slegs die Kerk kan mense byeen bring in gemeenskap met mekaar. Elke kind van God behoort berou te hê en na vore te kom om die nasies te evangeliseer.

"Iets vreesliks en afskuweliks het in die land gebeur: die profete tree vals op, die priesters regeer met hulle eie gesag, en my volk hou daarvan! Maar wat sal julle doen as die einde kom?" (Jeremia 5:30, 31).

"Almal, klein en groot, wil hulleself net verryk, almal, selfs profete en priesters, is uit op bedrog. Hulle het 'n goedkoop raat vir die wonde van my volk. Hulle sê net: 'Alles is reg! Alles is reg!' Maar niks is reg nie.

So sê die Here: "Staan by die kruispaaie en kyk, en vra na die ou paaie. Vra watter pad die beste is en loop dit, dan sal julle rus vind." Maar hulle het gesê: "Ons sal nie daardie pad loop nie." (Jeremia 6:13,14,16).

Liewe kinders van God, die Here se oordeel kom binnekort. Dit sal vreesaanjaend wees! Berei julleself daarop voor! Wees waaksaam! Moenie bedrieg word nie. Laat ons enigste las wees om die wêreld te evangeliseer. Almal in ons nasies moet die naam van JESUS CHRISTUS aanbid.

**O Here, die verkondiging van die evangelie is my enigste las!**

**U naam moet uitgeroep word onder my volk!!**

***Dit behoort die werklike las op julle harte te wees.***

**Slegs een lewe**
**Gou gaan dit verby**
**Net wat jy doen vir God**
**Sal tot die einde bly!**

Ons wag julle antwoorde af. Ons bid vir julle. Bid asseblief vir ons.

Julle broer en dienaar in Christus Jesus,
**S. SAM SELVA RAJ.**

*verv. van bls. 1*

Hy die minste verwag word, in 'n oogwink. Ek glo ons vind 'n sleutel tot Paulus se bedoeling in sy gebruik van die woorde "**verskyning maak" (OAV openbaar gemaak word).** Die Griekse betekenis hier is "geopenbaar". Ek glo Paulus sê hier, "Die Here Jesus sal nie kom voordat die Antichris se volle plan en agenda geopenbaar is, en die kerk bewus gemaak is daarvan nie".

Natuurlik is die Antichris se plan alreeds geopenbaar in die Skrif. Paulus verklaar, "Die geheime krag van die wetteloosheid is al aan die werk. . ." (2 Tessalonisense 2:7). Hy sê dat 'n geheime vorm van sonde wat selfs nou al aan die werk is, die Antichris sal inlui. Skynbaar sal 'n gees van ongeregtigheid op 'n verlore mensdom neerdaal, en mense se harte met soveel krag aangryp dat die wettelose mens vinnig aan die mag sal kom.

Tog is daar ook 'n ander betekenis aan hierdie frase "geheime krag van die wetteloosheid". Dit is afgelei van 'n Griekse stam wat beteken "stille inwyding". Paulus praat van 'n geheime inwyding in die kultus van die Antichris – 'n subtiele demoniese

invloed wat hy sien plaasvind in sy eie tyd.

Op hierdie oomblik is hierdie selfde geheime gees met volle verleidende krag besig om massas mense voor te berei om die wettelose mens te ontvang. Duisende word daagliks gebreinspoel, stilweg en in die geheim, om in sy kudde ingelyf te word. En hierdie sataniese werk gebeur so vinnig en so effektief dat die wettelose mens aan die mag kan kom in die afsienbare toekoms.

Ons hoef nie een of ander fisiese openbaring van die Antichris te sien voordat die Here Jesus sal terugkom nie. Sy sataniese gees word alreeds gemanifesteer in duisende gebreinspoelde gelowiges!

## PAULUS VERDUIDELIK VOLLEDIG DIE "GEHEIMENIS VAN DIE ONGEREGTIGHEID"

Paulus sê die geheimenis is eenvoudig dit: Satan gaan massas verlei tot die dieptes van wetteloosheid! Die Griekse woord wat Paulus in hierdie stuk vir "ongeregtigheid" gebruik, beteken letterlik "wetteloosheid". Dus, die geheimenis is een van wetteloosheid – bedoelende, menigtes gaan optree sonder wet of beperking.

Maar hierdie wetteloosheid is nie slegs 'n rebellie teen die regering van mense nie. Dit gaan nie oor opstand teen burgerlike gesag, of oor die pleeg van roof, verkragting of moord nie. Hierdie dinge wek wel God se toorn op. Maar die geheimenis van die wetteloosheid gaan baie dieper. Dit is 'n openlike verwerping van die waarheid wat in Christus is – 'n afkeer van God se heilige woorde en opdragte. Dit is opstand teen die beperkings van die Heilige Skrif!

Hierdie gees van wetteloosheid tier vandag welig onder ons volk. Dit is die mag agter die wetgewing wat probeer om God uit ons samelewing te verban. Dit is dieselfde gees wat Satan gebruik het om Eva te mislei. Hy het haar in soveel woorde vertel, "God is inskiklik. Hy sal jou nie straf as jy ongehoorsaam is nie. Jy kan die vrugte eet en toegee aan jou begeerte. Jy sal nie daarvoor hoef te betaal nie!"

Dit was 'n dodelike leuen uit die hel. En Satan gebruik vandag dieselfde leuen op Christene om die geheimenis van wetteloosheid te bevorder. Dag na dag oortuig hy massas gelowiges dat hulle kan toegee aan sonde sonder om 'die straf te dra'. Dit is 'n demoniese strategie om Christus se evangelie van genade te verdraai, en dit te verander in 'n boodskap van bandeloosheid!

En dis tragies, maar baie louwarm Christene is besig om te val vir hierdie gees van wetteloosheid. Sommige is alreeds ingewy in die kultus van die Antichris. Hulle is gereed om die wettelose mens te aanvaar wanneer hy op dit toneel kom met wondertekens en die oplos van probleme.

Jy dink dalk, "Ek sal nooit mislei word om die Antichris te volg nie". Maar Paulus sê die Antichris sal 'n magsposisie kry omdat mense verblind en mislei word deur hulle eie sonde: "Deur die werking van die Satan sal die verskyning van die wettelose gepaard gaan met groot magsvertoon en allerhande vals tekens en wonders en met gruwelike misleiding van dié wat verlore gaan, omdat hulle nie die waarheid liefgehad en tot hulle redding aanvaar het nie" (2 Tessalonisense 2:9-10).

Satan sal groot getalle mense

*... verv. op bls. 6*


## ECHO OF HIS CALL

Maandelikse tydskrif in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Veldtogte, Seminare, Sosiale dienste, ens.

**Annual Subscription: Rs. 100/- Lewenslange intekengeld: Rs. 2000/-**

Die uiteenlopende aktiwiteite van **Echo of His Call Bediening** word ondersteun deur vrywillige offergawes en donasies van kinders van God soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en sy aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die Evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en kerke te plant.

As jy graag die **ECHO OF HIS CALL** tydskrif gereeld wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jou pos- of e-pos-adres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webblaaie. Jy kan dit lees deur op die blad in te gaan sowel as deur dit af te laai, en so geseën word.

Jou briewe, gebedsversoeke en jou finansiële steun (deur debietorders, tjeks, ens.) kan gestuur word na **ECHO OF HIS CALL** by die adres hieronder.

Stuur asseblief jou landlynnommer / selfoonnommer en e-posadres vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2nd STREET, CHEPAUK,
CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766,
Cell: (+91) 98410 71852, 90924 62566
E-pos: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Webblaaie: www.echoofhiscall.org / www.echoofhiscall.com
JY KAN OOK JOU DONASIES AANLYN STUUR

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

**GEBEDSPUNTE**

**Vanaf 19 November 2018 tot Desember 18 2018**

**(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)**

## GOD IS AAN DIE WERK!

## SAKE OM GOD VOOR TE LOOF

**November 19:** Die Here doen wonders in ons Hospitaalbediening.

**November 20:** Baie nuwe mense word toegevoeg tot ons Moeder- en Wykskerke.

**November 21:** Die Here het ons gehelp om **Echo of His Call Kalenders** vir die jaar 2019 te produseer.

**November 22:** Laat ons God loof vir al die dosente van ons **Nehemia Bybelkolleges**.

**November 23:** God seën ons 7 dienste in 5 tale in ons Moederkerk.

**November 24:** God het ons Evangeliese literatuur in 16 tale geseën wat op ons Drukpers gedruk is en na die sendingvelde gestuur is.

**November 25:** Laat ons God loof vir die Hoof, onderwysers en personeellede van ons **St. Paul's Matriculation School.**

**November 26:** Laat ons God loof vir die lesers van ons **Echo of His Call** maandelikse tydskrif in 16 tale.

**November 27:** Laat ons God loof vir die ouderlinge in ons kerke.

**November 28:** God beskerm steeds ons veldwerkers in ons sendingvelde.

**November 29:** Laat ons God prys vir al ons Koördineerders.

**November 30:** Ons Here beskerm steeds ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

**Desember 01:** God het al die aktiwiteite van ons Echo of His Call Bedieninge in die laaste maand geseën.

**Desember 02:** God het ons gehelp om in hierdie jaar meer literatuur te produseer.

**Desember 03:** God het verbetering gegee in die gesondheid van Suster Jesy Veena Sam.

## SAKE OM GOD VOOR TE BID

**Desember 04:** dat God in hierdie maand sal voorsien in al die finansiële behoeftes van die **Echo of His Call Bedienings.**

**Desember 05:** dat God eerbied vir Hom in die gedagtes van mense sal stuur.

**Desember 06:** dat die Here valse leerstellings uit die kerke sal verwyder.

**Desember 07:** dat God 'n magtige herlewing op die wêreld sal stuur.

**Desember 08:** Laat ons bid vir die redding van die verloregaande mense oor die hele wêreld.

**Desember 09:** Ons dank God vir ons nuwe projek genoem **Manna vir die Dag** wat binnekort gepubliseer gaan word. Bid hiervoor.

**Desember 10:** Laat ons bid vir ons **Basiese Bybelkorrespondensiekursus en Teologiese Korrespondensiekursus**.

**Desember 11:** Laat ons bid vir die beskerming van die dienaars van God.

**Desember 12:** Laat ons bid vir vrede oor die hele wêreld.

**Desember 13:** Laat ons God prys vir ons Gebedsvennote, lewensmaats en Groot Opdrag-vennote en hulle gesinslede.

**Desember 14:** dat God sal voorsien in die behoeftes van al ons kerke.

**Desember 15:** Laat ons bid vir televisiepredikers oor die hele wêreld.

**Desember 16:** dat God ons Village High School, **St. Paul's Matriculation School**, sal seën.

**Desember 17:** dat God sal aanhou om al die werkers van ons bedieningspan te beskerm.

**Desember 18:** dat God alle kinders geestelik en fisiek sal seën.

*verv. van bls.4*

bedrieg deur hulle te oortuig van 'n subtiele maar kragtige leuen. Wat sal hierdie leuen wees? Hy sal die wêreld oortuig soos hy Eva oortuig het: "God straf nie die sonde nie!"

Paulus sê hierdie misleiding sal kom"met gruwelike misleiding...omdat hulle nie die waarheid liefgehad en tot hulle redding aanvaar het nie" (vers 10). Dan voeg hy by: "Dit is ook waarom God hulle aan die mag van die dwaling oorgee, sodat hulle die leuen sal glo" (vers 11).

Die apostel sê, "Die mense wat weier om God se Woord te gehoorsaam of respekteer, sal in 'n groot dwaling verval. Eers sal hulle net hulle oë sluit vir hulle sonde. Hulle sal dit regverdig. Maar gou sal hulle aktief begin om 'n boodskap van maklike genade na te streef. Hulle sal 'n genade ontwerp wat heeltemal anders is as wat God bedoel het. Sy genade lei nooit tot losbandig- heid nie. Dit lei altyd tot berou!

## OP HIERDIE OOMBLIK VERKEER DIE WÊRELD ONDER 'n GROOT WANINDRUK!

Die wêreld is vandag onder die verleidende mag van 'n Sataniese leuen. Maar voordat ek enigiets meer sê, verstaan asseblief dat ek nie hier praat as lid van enige politieke party nie. Wat ek wil sê, het niks te doen met politiek nie – maar alles met geestelike waarheid. Dis 'n feit dat ons leiers God se Woord volledig verwerp het, en geen respek toon vir Bybelse waarheid nie. En nou het die Here toegelaat dat 'n dwaling onder ons posgevat het!

Die demoniese leuen wat vandag die wêreld soos 'n kombers bedek, is 'n valse vrede. Dis die idee dat ons kan doen net wat ons goedvind sonder vrees vir die gevolge. Ons het alreeds 'n streep oorgesteek in hierdie dwaling – en nou is oordeel onvermydelik.

Paulus lê hierdie goddelike oordeel uit in Romeine 1. Hy praat van die mense wat vroeër vasgehou het aan Bybelse waarheid, maar later probeer het om die waarheid te verruil vir 'n leuen. Hulle wou met ander woorde God se Woord en hulle eie begeertes gelyktydig hê. Dus het die Here hulle oorgegee aan hulle goddelose gesindheid. Hulle wou 'n leuen glo – toe stuur Hy 'n groot dwaling onder hulle!

Nou het hierdie einste houding ook in die kerk ingesluip. Groot getalle Christene kyk vandag na twyfelagtige video's of gee hulleself oor aan pornografie op die Internet. Eens op 'n tyd sou hulle gewetes hulle gekwel het. Maar nou redeneer hulle, "Al ons leiers kom daarmee weg. Almal doen dit. Hoekom kan ek nie?" Hulle het in 'n demoniese dwaling verval!

Paulus waarsku, "want daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor. Hulle sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend" (2 Timoteus 4:3-4).

Wie is hierdie misleide massas van wie Paulus praat? Hulle is bedroë Christene! Hy het hierdie brief aan die kerk in Tessalonika geskryf – aan wedergebore gelowiges! Hy was besig om mense aan te spreek wat onder Bybelse lering gesit het en die waarheid van God geken het. Nogtans het hulle vasgehou aan hulle begeertes – en nou het hulle dwalinge aanvaar wat hulle moes troos in hulle sonde!

## DIE GELOWIGE WAT DIE GROOTSTE GEVAAR STAAN OM MISLEI TE WORD, IS DIE EEN WAT MÉT BLYDSKAP GOD SE WOORD HOOR – MAAR DIT NIE GEHOORSAAM NIE!

Paulus skryf aan die Galasiërs, "Julle was so goed op pad. Wie het julle verhinder om die waarheid te bly gehoorsaam?" (Galasiërs 5:7). Die apostel vra vir sy kudde, "Wie het julle verstand benewel?" (3:1). "Wat het met julle gebeur? Dit het so goed gegaan met julle. Maar nou is julle gebreinspoel!"

Dwarsdeur die Skrif gee God vir ons 'n duidelike prentjie van hoe belangrik dit vir ons is om sy woord te gehoorsaam. Ons sien 'n voorbeeld hiervan in die lewe van Koning Saul. God het aan Saul duidelike uitdruklike opdragte gegee deur die profeet Samuel. Hy het aan Saul opdrag gegee, "Gaan verslaan nou vir Amalek. Jy

### Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

***Ons bankbesonderhede:***

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515 REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554**
**e-pos: miemie60@telkomsa.net**
**Address :**
**SIS. ELBINA SMITH**
**DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST,**
**JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**

moet alles wat hy het, om die lewe bring. Jy mag jou oor hom nie ontferm nie. Jy moet man en vrou doodmaak, kind en suigling, bees en skaap, kameel en donkie" (I Samuel 15 : 3).

Het Saul hierdie opdrag van die Here gehoorsaam? Die Skrif vertel vir ons, "Saul het daarna die Amalekiete verslaan... Hy het koning Agag van Amalek lewend gevang... Saul en die manskappe het Agag gespaar en ook die mooiste kleinvee en beeste, die vetstes, en die lammers en alles wat mooi was. Saul-hulle wou dit alles nie om die lewe bring nie..." (vers 7-9).

God het sy woord baie duidelik gestel aan Saul. Maar nadat Saul die geveg betree het, het hy die Here net gedeeltelik gehoorsaam. Eerder as om almal en alles om die lewe te bring, het hy koning Agag gespaar – en hy het selfs 'n deel van die oorlogsbuit ook gehou.

Samuel was baie bedroef hieroor en hy het vir Saul gesê, "Die Here het jou met 'n doel uitgestuur en Hy het jou beveel: 'Trek op, bring die sondaars, die Amalekiete, om die lewe. Jy moet teen hulle veg totdat jy hulle uitgeroei het'. Waarom het jy nie na die bevel van die Here geluister nie? En waarom het jy jou aan die buit vergryp en hierdie ding gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here?" (vers 18-19).

Op hierdie punt gee die Skrif vir ons 'n verskriklike, angsaanjaende woord: Toe het die woord van die Here tot Samuel gekom: "Ek is bedroef daaroor dat Ek Saul koning gemaak het, want hy het van My af weggedraai en nie my opdragte uitgevoer nie..." (verse 10-11).

Is dit 'n beskrywing van jou lewe? Het God jou in duidelike taal laat weet dat jy moet werk maak van 'n sekere wellustige gewoonte in joulewe -- maar jy klou daaraan vas, en weier om daarmee te breek?

Op hierdie oomblik staan sy Gees miskien by jou en sê in 'n vriendelike, uitnodigende stem, "Jou begeertes staan tussen ons en verbreek ons gemeenskap. Ek kan jou nie langer seën terwyl jy daarin volhard nie. Vertrou my Gees om jou te help. Laat vaar dit, my kind." Maar binnekort mag God jou dalk in toorn aanspreek en sê, "As jy nie wil afstand doen van jou begeertes nie, sal Ek dit openbaar maak – en dit sal jou lewe vernietig!"

God het Saul verwerp oor sy ongehoorsaamheid. Samuel het vir Saul gesê, "Weerspannigheid is net so erg as die sonde van waarsêery; eiesinnigheid net so erg as die bedrog van afgodery. Omdat jy die woord van die Here verwerp het, het Hy jou as koning verwerp" (vers 23).

Dit was toe dat God se Gees Saul verlaat het. Die koning se halfhartige gehoorsaamheid het hom vatbaar gemaak vir Satan se invloed. Gou daarna het 'n bose gees Saul begin kwel – en hy het geëindig deur 'n heks te raadpleeg!

Miskien wonder jy as jy die verhaal van Saul se lewe lees, "Maar Saul het sy bes probeer. En hy het ook nie so sleg gevaar nie. Waarom was God so streng met hom? Hoekom het hy Saul nie vergewe nie?"

God leer ons deur hierdie stuk dat Hy bedoel wat Hy sê! Hy sê: "Ek wys jou hoe ek voel oor jou gehoorsaamheid aan My. Ek wil jou hele hart hê, al jou liefde – nie net halfhartige gehoorsaamheid nie!" As die Here se boodskap aan Saul vaag en onduidelik was, kon ons nog gesê het Hy moes 'n toegewing gemaak het aan Saul. Maar sy opdrag aan Saul was so duidelik, daar was geen twyfel oor wat Hy beveel het nie. Net so het ons vandag geen twyfel oor wat God vir ons gesê het nie. Ons weet wat sy gebooie is, want Hy het dit aan ons geopenbaar deur sy woord en deur sy Gees in ons harte.

Jy sal dalk antwoord: Maar wat God aan Saul gedoen het, het onder die Ou Verbond gebeur, onder die wet. Ons leef nou in 'n tyd van genade. Die Here sal sekerlik nie so streng met ons wees as ons ongehoorsaam is as wat Hy met Saul was nie. "

Hier is God se Woord oor die saak onder die Nuwe Verbond, 'n verbond van genade. God sal aan elkeen gee volgens sy dade: aan hulle wat met geduldige volharding om goed te doen, soek vir heerlikheid en eer en onsterflikheid, sal Hy die ewige lewe gee, maar teenoor hulle wat wederstrewig is en nie die waarheid gehoorsaam nie, maar toegee aan ongeregtigheid, sal God reageer met verontwaardiging en woede, rampspoed en angs oor elke mens wat die kwaad doen, eerste vir die Jood en ook vir die heiden; "Ewige heerlikheid, eer en vrede skenk Hy aan elkeen wat goed doen, in die eerste plek aan die Jood, maar ook aan die nie-Jood. God trek immers niemand voor nie" (Romeine 2: 6-11).

Laat ek vir julle die verskil

## NUUS:

### "Kom uit ... ons sal jou verbrand"

Ambala, Haryana:Ekstremiste hier het die 32 jaar oue pastoor van die Assemblies of God, Avianshu Kalra, beskuldig van die skending van afgode en gedwonge bekering, en hom en sy gesin gedwing om hulle huis te verlaat.Op 11 Julie het 'n skare van 200 mense die ingang tot sy huis en die kerkkompleks versper en dreigemente gedreunsing soos, "Kom uit, ons sal jou nie spaar nie, ons sal jou verbrand".Die plaaslike polisie het 'n ondersoek gelas.Die kerk wat bestaan uit 100 lidmate, is in 2014 begin.Omtrent 300 Christene het op 19 Julie deur die strate van Ambala gemarsjeer en geprotesteer teen die aanval deur die skare en die verdrukking van minderheidsgroepe in Indië.– MSN - *Forerunner (Oktober 2018)*

uitspel tussen Saul in die Ou Testament en alle gelowiges onder die Nuwe Verbond: wanneer 'n persoon 'n opregte begeerte het om God se opdragte te gehoorsaam – wanneer daardie persoon God se Woord liefhet en respekteer – dan gee die Heilige Gees aan hom of haar al die krag en vermoë om daardie opdragte na te kom. Dit is die geseënde voorsiening van die Nuwe Verbond.

Saul het nie daardie soort heilige begeerte gehad nie. Maar enige gelowige wat werklik die Here en sy woord liefhet, kan alle luste oorwin en 'n einde maak aan die sonde se heerskappy deur die krag van die Heilige Gees in hom of haar.

Paulus rig hierdie sterk woord van waarskuwing aan die gelowige: "Maar jy, mens, wat ander veroordeel wat sulke dinge doen, en jy doen dit self, verbeel jy jou dat jy aan die oordeel van God sal ontkom?" (Romeine 2: 3). Wat hy sê, is: "Getuig jy dat jy 'n Christen is en vertel vir almal om God se gebooie te gehoorsaam – terwyl jy self afvallig is?"

"God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?" (vers 4). Paulus voeg by, "God was al die tyd genadig teenoor jou met goedheid en liefde. Besef jy nie dat al sy goedheid, guns en genade bedoel is om jou tot berou te lei nie?"

## WAT IS DIE PUNT VAN HIERDIE BOODSKAP?

Ek wil vir julle veral dit sê: die Antichris gaan op die toneel kom as die grootste welvaartsprediker in die geskiedenis. En die duiwel is alreeds besig om halfhartige gelowiges uit te soek om in sy kultus ingelyf te word. Binnekort sal daar geen beperkings wees in ons samelewing nie, en Christene sal meer as ooit kwesbaar wees vir demoniese verleiding.

Dit is presies wat met baie Duitse Christene gebeur het in Hitler se dag. Toe Hitler aan bewind gekom het met 'n charismatiese persoonlikheid en beloftes van 'n goeie lewe, het selfs louwarm Lutherane en pinkstergelowiges hom aanvaar. En later, toe hy begin het om op 'n bose manier te werk te gaan in die gemeenskap, het hulle anderpad gekyk, en die waarheid van God se Woord verwerp. Natuurlik het daar 'n aantal sterk stemme vir die evangelie opgegaan in daardie kerke. Maar skokkende getalle gelowiges het uiteindelik vir Hitler gevolg en hom selfs geloof deur uit te roep "Heil Hitler!" Hulle het geval vir die leuen – en God het hulle onder 'n sterk wanindruk laat kom!

Ek vra julle: Sit julle onder sterk prediking wat op 'n liefdevolle manier julle sonde blootlê? As dit so is, laat julle toe dat daardie woorde julle oortuig? Of gaan julle reguit terug na julle wellus sonder om enige berou te hê?

As jy besig is om die waarskuwings te verwerp van die Heilige Gees wat jou terughou – as jy keer op keer ongehoorsaam is aan God sonder enige spyt in jou hart – dan is jy in die proses om gewerf te word vir die kultus van die Antichris. Die duiwel is stilletjies besig om jou in te lyf in die misterie van ongeregtigheid. En wanneer die belowende, wonderwerkende Antichris kom, sal jy meegevoer word deur sy leuens en oorgegee word aan die dwaling!

Luister wat sê Paulus oor gelowiges wat kompromieë maak en weier om God se heilige woord lief te hê en te gehoorsaam: En so sal almal wat nie die waarheid geglo het nie, maar die ongeregtigheid verkies het, veroordeel word (2 Tessalonisense 2:12). Ellende wag vir hulle wat die waarheid oor hulle eie begeertes ken, maar wat nie glo dat God hulle sal oordeel nie!

Hier is die onheilspellende gevolge daarvan om nie te glo en op God se waarheid te handel nie:

1. Die hart word verhard deur die bedrieglikheid van sonde.

2. Satan werk aan die verharde hart om homself te regverdig sodat dit los raak van alle vrees vir straf.

3. Wanneer God sien daar is geen moontlikheid meer dat hierdie hart die waarheid sal ontvang en gehoorsaam nie, gee Hy die persoon oor aan die misleiding van die Satan.

4. Die gelowige word verblind deur die leuen wat sê daar is geen loon vir die sonde nie en geen oordeelsdag nie, en dat hy kan wegkom met sy sondige begeertes.

5. Die gelowige word die prooi van demone, deur te dink dat wat boos is, goed is en wat goed is, boos.

6. Uiteindelik dryf hy so ver weg van Christus en die waarheid, dat hy verblind word vir wie die Antichris is – en op die ou einde aanbid en dien hy hom as 'n god.

7. Op die oordeelsdag, sal God vir so 'n persoon sê, "Gaan weg van my af, jy wat 'n werker van ongeregtigheid is!"

Geliefdes, dit hoef nie so te wees vir enigeen van ons nie. God het 'n verbond met ons gesluit en belowe om alle wanindrukke van ons te verwyder en ons oorwinning oor sonde te gee deur die krag van Christus se kruis. Al wat Hy vra, is dat ons oorlog moet verklaar teen ons sonde en sê, "Ek sal nie vrede maak met hierdie gewoonte nie. Ek weier om daarby te bly. Verlos my, Vader deur u Gees!" Wanneer Hy hierdie gebede hoor, sal Hy soveel krag en heerlikheid van die hemel af stuur deur die Heilige Gees dat die duiwel nie 'n kans sal staan nie!

Bid nou meteens dat God in jou 'n groot eerbied vir sy woord sal plant. Vra Hom om jou te help om gedissiplineerd te wees in jou lees van die Skrif. En vra die Gees om jou te help om wat jy lees, ter harte te neem – om te glo dat God bedoel wat Hy sê!

**- Ds. David Wilkerson**

********

# PUT TOT PALEIS

**(Lewenservaringe van Pastoor S. SAM SELVA RAJ.)**

**" -wie dit lees, moet dit goed begryp- " Matteus 24:15.**

## "Die Here sorg vir die regverdiges en luister na hulle hulpgeroep"

**(Psalm 34:15).**

Gedurende die tyd van my oggendgebed vandag, het die Here my teruggeneem na die vroeë dae van my bediening. Hy het my duidelik gewys hoe volmaak Hy my toe gelei het.

Ek maak aan julle 'n brief bekend wat een van my vriende, mnr. P. Sivaprakasam aan my geskryf het, om vir julle te wys hoe volmaak God my gelei het:

*Liewe geliefde broer Sam Selva Raj,*

*Dis al 'n hele tyd wat ek begeer om aan jou te skryf oor jou aktiwiteite, nou op die tyd wanneer jy op die punt staan om die Goue Jubileum van jou dienswerk en tydskrif, "Echo of His Call" te vier. Ek beskou dit as 'n geleentheid om my hart se gedagtes te laat eggo oor jou bediening.*

*Laat my jou eerstens groet as die stigter en Hoofredakteur van die tydskrif, 'Echo of His Call'. Jy het verskeie moeilikhede en uitdagings oorkom en suksesvol te voorskyn gekom om die jaar van die Goue Jubileum, 2019, te betree. Ek rig ook graag my groete aan alle bestuurders, en werkers wat baie hard gewerk het, uit die diepte van my hart.*

*Al is jy gebore in 'n klein dorpie in die Kanyakumari distrik en het jy saam met die konsepte van 'kommunisme' geleef, het jy al die verskillende moeilikhede, struikelblokke en spottery gedurende die laaste 50 jaar in die Here se bediening oorkom. Met jou geduld en lankmoedigheid het jy al daardie swaarkry opsy gestoot en nou kan 'n mens nie ontken dat jy waarlik die beloning geniet nie.*

*Ek wil graag terugkyk na die ou dae toe ons saam gewerk het in die Staatsdienskantoor. Dis verrassend om op te merk dat daar alreeds 40 jaar sedertdien verloop het. Jy is besig om al jou ondervindinge, gevul met soetheid en bitterheid uit daardie tye, in jou artikels onder die titel "Put tot Paleis" in 'Echo of His Call' te publiseer. Dit is ware ondervindings wat baie bygedra het in jou lewe.*

*Ek word oorweldig deur vreugde om te merk dat jou onvermoeide harde werk, passie, vasberadenheid en onwrikbare geloof jou tot baie groot hoogtes gevoer het.*

***Jy het nooit met iemand gekompeteer nie en het hierdie wedloop met groot spoed gehardloop terwyl niemand jou gedruk het om dit te doen nie.*** *Jy is iemand wat self dinge begin. Ek weet baie goed dat jy in alle rigtings gehardloop het om hierdie organisasie stewig te vestig nadat jy baie hindernisse, liefdeloosheid en vyandigheid, teleurstellings, verraad, beskuldigings, ensovoorts deurbreek het. Uiteindelik het jy hierdie doel met oorwinning bereik. Ek het geleer dat al kry ons baie raad van ander, dit ons eie besluite is wat die beste bly staan. Ek het hierdie waardevolle waarheid ingesien toe ek gekyk het na die besluite wat jy met 'n helder verstand gemaak het. Jou beleid,* ***"Maak vandag se werk klaar en beplan vandag vir môre"*** *bewys wie jy is! Ek het opgemerk dat jy 'n mens is wat sag en eerbiedig is teenoor hulle wat sag en eerbiedig is en dat jy onversetlik is teenoor hulle wat onversetlik is in hulle onderhandelings. Al hierdie karaktertrekke bewys dat jy 'n groot bestuurder is met ware leierskapseienskappe.*

*Toe jy in regeringsdiens was, het baie hoë amptenare sowel as gewone werkers goedheid aan jou bewys. Jy was vir hulle 'n groot hulp in verskillende situasies.* ***Jy het my verskeie kere vertel dat baie van hulle vir jou 'n groot steun was toe jy kritieke probleme in die gesig gestaar het, en dat hulle jou gehelp het om baie hindernisse af te breek.*** *Jou dankbaarheid teenoor hulle openbaar en verklaar jou dankbare en vrygewige hart. Die regering self het jou vereer met spesiale toegewings.*

*Ek sien hoe jou bidure, en verskeie bedieninge waardeur baie mense verlos word van hulle probleme en siektes, aan die verwagtings van baie mense voldoen. Die mense op die laagste vlak in die samelewing word grootliks bevoordeel deur jou dienswerk. Jy voorsien in hulle mediese en opvoedkundige behoeftes en help hulle op. Dit lyk vir my al hierdie aktiwiteite in jou dienswerk is alles die resultaat van die 'godvresendheid' wat diep in jou hart kom lê het. As jou vroeë jare in Tsjennai jou gelei het om 'n belangstelling in die politiek te toon, sou jy 'n leier van een of ander groot politieke party geword het. Aangesien jy geroep is deur die Here God en deur Hom geseën is, het jy jouself sterk gewortel in spiritualiteit.*

*Spiritualiteit is God se wil. Omdat jy vas glo dat geestelike krag iets heerliks is, was hierdie geloof die mag wat jou gemotiveer het. Vanweë die sterkte van die geestelike krag wat in jou skuil, het jou gedagtes en die begeertes om jou ideale vir die toekoms behoorlike vorm te gee, jou in staat gestel om 'n groot sukses te maak van al jou ondernemings. Ek het hierdie waarheid ingesien deur te kyk na jou leefstyl.*

*Die Here God het jou onbegryplike wysheid en krag gegee. Wanneer jy deur sorge van allerlei aard gaan, kom die Here self en red jou uit. Die Here het jou ook 'n gesin gegee wat met volwassenheid al die persoonlike terugslae aanvaar waardeur jy moes gaan. Niemand kan ook ontken dat die Here jou gekwalifiseerde en sterk bestuurders en werkers gegee het sodat geeneen van jou aktiwiteite in die bediening, publikasies, Bybelkolleges en die skool enige insinkings beleef het nie.*

*In hierdie tyd waarin ons die*

RNI TC NO. TNAFR/2007/21215, Postal Regn. No. TN/CH/(C)/127/16-18

*Goue Jubileum van **Echo of His Call** vier, wil ek graag al die dierbare mense onthou wat met ons saamgewerk het sowel as almal wat jou die beste toewens. Ons Australiese vriend, mnr. Haydn Hutton en dr. B.J. Krishnamoorthy het my troue bygewoon en ons gegroet. Ek kan die insident nie vergeet nie. Verder onthou ek met vreugde die vriendskap van baie van ons vriende wat saam met ons gewerk het gedurende ons tyd in die staatsdiens, soos mnr. C. Muthu, D. K. Ellusha, Rahman Basha, Balakrishnan, Munusamy, Gajendran, Jainullabudeen, Paranthaman, Ramamurthy, Thangavelu, mev. Palvannam, mev. T. V. Savithri, mev. Jeyakumari, mev. Rajeshwari, mev. Krishnaveni, mev. Rameesa Beevi en jou medewerkers gedurende jou vroeë bediening, mnr. D.W. Devakandan, J.R. Soundarraj, R.E. Jeyaraj, Jeyakumar Maharaj, G.J. Paulmani D. Richard Thambi Raj, N. Shyam Sunder en M. Paulraj.*

*Dit isnatuurlik vir jou om vinnig te werk sonder om te rus. Maar ek versoek jou in alle nederigheid om die spoed waarmee jy werk, te verminder en dit kalmer te vat ter wille van die omstandighede in jou gesin en jou persoonlike gesondheid.*

*'Vriendskap van goeie mense is heerlik' lui die spreekwoord. Dit is my enigste gebed dat ons 'Brug van Vriendskap' altyd sterk sal bly staan.*

*Ek stuur my beste wense dat jou tydskrif, **Echo of His Call**, ononderbroke gepubliseer sal word. Mag jou poging om jou outobiografie vry te stel, ook suksesvol wees.*

*17.09.2018* *Vir altyd jou vriend*
*Tsjennai-16* *P. Sivaprakasam.*

Liewe lesers, dankie dat julle hierdie lang boodskap geduldig gelees het. Alle eer en roem aan die Here Jesus Christus. **"Aan Hom wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen"** (1 Timoteus1:17)**.**

- S. SAM SELVA RAJ.

********

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKWARTIER

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. Bybelkor BybelKorrespondensiekursusse: Engels, Tamil en Hindi
3. ECHO OF HIS CALL - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges (Twee sentrums)
5. Teologiese Korrespondensiekursus in Engels en Tamil
6. Groot-Opdragvennote
7. Opleidingsprogramme
8. Filmbediening en Veldtogte
9. Literatuurbediening en opvolg
10. Evangeliese Drukpers Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village Engelse Hoërskool
12. Sondagskool : 8.30 vm. & 4.00 vm. Sondag
13. **Tamil dienste : 5.30 vm. 7.00 vm. & 10.00 vm. Sondag**
14. **Malayalam diens : 3.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 4.00 nm. Sondag**
16. **Hindi diens : 5.00 nm. Sondag**
17. **Engelse en Tamil dienste : 6.00 nm. Sondag**
18. Traktaatjieverspreiding : 2.30 nm. Sondag
19. Berading deur Pastore : 4.00 nm. Sondag
20. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
21. Midweek Aanbiddingsdiens : 6.30 nm. Woensdag
22. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
23. Saterdagdiens : 5.00 nm. Saterdag
24. Werkersvergadering : 6.00 nm. Saterdag
25. Huisvergaderings : 6.30 nm.Dinsdag & Donderdag
26. Spesiale heilige Nagmaal : 5.30 vm. 1ste dag van die maand
27. Ouers se gebedsbyeenkoms : 4.00 nm.Eerste Sondag
29. Nagtelike gebedsbyeenkoms : 9:30 nm. Eerste Vrydag
28. Vastende gebed : 9.30 vm. Tweede Saterdag
30. Heilige Nagmaal : Tweede Sondag dienste
31. Oggendgodsdiens : 5.00 vm. daagliks
32. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
33. Kantoor : 9:00 vm. tot 9:00 nm. (behalwe Sondae)

**Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215**
**Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/16-18**
**Date of Publication: First week of every month**
**Date of Posting : 3rd & 4th of every month**
**Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel" on 5th NOVEMBER 2018**
**If un-delivered please return to:**
**ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)**
**P.O. Box No. 2957,**
**Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.**
**Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766**

JESUS HET JOU LIEF!

**Aan**

GOD SEËN JOU!

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from Old No.18, New No. 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by him at **Echo of His Call Printers** Old No. 18, New No.10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**